**Vrydag 22 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 22:39-53**
**Fokusgedeelte: Lukas 22:42**
**Christus se gebed – die begin van sy lyding**

Dit is besonders wanneer ons lees dat Christus se lyding voorafgegaan word deur gebed. Tog sien ons op Wie Christus vertrou in hierdie benarde tyd van sy lewe. Tweedens sien ons die inhoud van Christus se gebed wat aan ons openbaar hoe ons moet reageer op swaar tye in ons lewe.

Christus vertrou alleen op sy Vader om Hom te dra deur hierdie angs wat Hy beleef, en nog meer gaan beleef. Angs wat eers aan die kruis gaan eindig wanneer Christus sy Gees gaan oorgee in hande van die Vader. Dit is die Vader wat Christus gestuur het juis vir hierdie werk (Joh. 3:16), daarom sal die Vader ook vir Christus die krag gee om hierdie werk te kan deurvoer.

Die tweede aspek van Christus se gebed is die manier waarop Hy vir uitkoms vra. In afhanklikheid vra Hy dat die Vader hierdie lyding van Hom sal wegneem. Maar in gehoorsaamheid voeg Christus by: nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied. God neem egter nie hierdie lyding van Christus af weg nie, maar versterk Hom eerder om deur hierdie lyding te kan gaan.

Christus se gebed openbaar die manier waarop ons ook moet bid in tyd van smarte. Ons mag in afhanklikheid ons Vader vra vir uitkoms, maar ons mag nie sy wil probeer voorskryf nie. Christus het gekom om die wil van sy Vader te doen, sodat sy Vader geëer kan word en ons verlos kan word. God neem nie altyd ons lyding weg nie, al vra ons daarvoor. Eerder versterk Christus ons met die Gees sodat ons in lyding nog steeds die wil van ons Vader kan uitvoer.

Bid in afhanklikheid, maar bid ook in gehoorsaamheid sodat jy God in alle omstandighede kan eer.

*Sing: Psalm 34-1:1, 2*
*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*